

Inhoud Bevestiging goeie en slegte dominees. Hierdie preek wys wat is die verskil tussen goeie en slegte dominees volgens die Here se eie woorde en Paulus se verduideliking van die verskil. Slegte dominees wil Jesus verteenwoordig by lidmate terwyl goeie dominees Jesus verkondig as Christus en Here, en dit met die sakramente verseël. Slegte dominees wil vir lidmate God se leiers, vaderfigure en leermeesters wees. Goeie dominees verkondig Christus as die enigste Leier, Seun van die Vader wat sy Vader ons Vader laat wees en enigste Leermeester.

Skriflesing Mat. 23: 1 – 12; 2 Korintiërs 10: 12, 13, 11: 5, 6, 13, 19 – 22, 12: 12: 1, 5; 13: 3, 4.

Teks 2 Kor. 13: 4 b So is ons ook swak in Hom, maar teenoor julle sal ons saam met hom leef uit die krag van God.

Tema Christus maak en gee vir ons goeie dominees

1. Het ons 'n goeie of 'n slegte dominee gekry?

Dit is die vraag wat gewoonlik in lidmate se gemoed afspeel met die koms van 'n nuwe leraar wat deur die kerkraad beroep is. Daar is baie goeie dominees en daar is baie slegte dominees en opleiding by universiteite maak nie regtig meer 'n verskil tussen goeie en slegte dominees nie. Daarom is dit nodig dat lidmate hulle so iets sal afvra en die nuwe dominee sal kans gee om te wys of hy 'n goeie of slegte dominee is.

Die Here self wys vir die apostels in Matteus 23 wat is die verskil tussen goeie dominees en slegte dominees. Slegte dominees is volgens die Here hulle wat hulle self sien en aangespreek wil word deur lidmate as geestelike leiers, of rabbi's soos die Here hulle hier noem, vaders of leermeesters.

Die Here stel nie hier dat daar nie iets soos titels moet wees vir die amp en werk van dominees nie. Dan mag jy hulle eintlik ook nie vir hulle as "dominee" aanspreek nie, want maak jy 'n saak uit volgens die oorspronklike Latyn beteken dominee amper iets soos "meester."

Dit gaan nie oor titels vir kerklike ampte en werk nie, maar oor die geestelike verering van dominees wat verkeerd is. Hulle mag nie met spesiale geestelike verering bejeën word nie. Dominees wat geestelike vereer word, is slegte dominees.

2. Wat is geestelike verering?

Christus maak en gee vir ons goeie dominees

Geestelike verering is om die Christus vir ander mense en by ander mense te verteenwoordig. Dit is wat die Here met die uitdrukking “die stoel van Moses” hier aandui. Dit was soos die skrifgeleerdes en Fariseërs hulle self as geestelikes gesien het. Om op die stoel van Moses te sit het hulle die geestelike mag gegee om geestelike leiers, vaders en leermeesters vir ander te wees. Met hierdie magsposisie “die stoel van Moses” het hulle geglo verteenwoordig hulle die Messias.

Geestelike verering is om die geestelike mag te hê om die Messias, die Christus te verteenwoordig. Dit is die geestelike posisie wat slegte dominees in gemeente en die die breë kerk wil hê. Hulle wil binne gemeentes en in die kerk op die stoel van Moses sit wat hulle geestelike leiers, vaders en leermeesters maak. Met hierdie magsposisie glo slegte dominees dat hulle die Christus verteenwoordig.

Geestelike verering van dominees is 'n miskenning van Jesus Christus!

Dit was die Joodse geestelikes se totale misgissing want Jesus wie die Christus het, het nie op die stoel van Moses kom sit nie. Hy het aan die regterhand van God gaan sit as die Christus wie vir sondaars gely het, gekruisig is, gesterf het en uit die dood uit opgestaan het. Sy mag is om sy kerk in te sluit en te regeer deur sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding. Jesus se mag om Christus te wees, is nie gesetel in die wet van God nie.

Geen mens kan ander mense insluit en laat deel wees van Jesus se lyding, kruisiging, sterwe en opstanding as net hy self nie. Daarom kan niemand anders Hom as Christus verteenwoordig nie.

Net Hy kan vir sy kerk daarom Leier, Vader en Leraar wees deur sy lyding en opstanding. Geen dominee kan die geestelike eer kry dat hy in hierdie posisie en werk van Christus deel het, of Christus hierin verteenwoordig nie. Wie dit doen, is slegte dominees!

3. Paulus wys in hoofstukke 11 en 12 in die brief 2 Korinte ook vir die lidmate wat is die verskil tussen goeie en slegte dominees. Die probleem van goeie en slegte dominees was van die eerste gemeentes se stigting af al 'n probleem in die Christelike Kerk, en sal altyd vir ons 'n probleem bly.

Paulus beskryf slegte dominees in 10: 12 as dominees wat hulle self as geestelikes by lidmate aanbeveel. Dit is hoe hulle hulself aanbied en geken wil word. In 11:5 noem hy hulle sarkasties “sogenaamde super-apostels” wat behendige en goeie sprekers is. In 11: 13, en in vers 13 los hy sy sarkasme en noem hulle vals, apostels en slinkse werkers wat hulle as apostels van Christus vermom.

'n Slegte dominee is 'n super-dominee wat homself sien en slinks voorhou as 'n geestelike leier, vader en leermeester in die naam van Jesus! Dit is 'n slegte

Christus maak en gee vir ons goeie dominees

dominee. Paulus gee vir ons 'n baie goeie beskrywing van wat hierdie super-dominees met lidmate doen en hoe lidmate gedwee maar toegee aan hierdie super-dominees: "Want julle verdra dit as iemand van julle slawe maak, as iemand julle uitsuig, as iemand julle misbruik, as iemand hooghartig optree en julle in die gesig slaan.

u moet nie u misgis met hierdie super-dominees nie. Hulle is nie onvriendelik, ongeskik, afsydig, bombasties, skreeuerig, asosiaal, venynig of hoogdrawend nie. Dit is juis die teendeel. Slinkse werkers beteken hulle juis die innigste, vriendelikste, innemendste, mees sosiaalste, joviale, gemoedelikste en sagte fluisterpraters van al die dominees.

Super-dominees mishandel lidmate met al hul innige vriendelike fluisterpraterij met die geestelike mag om op die stoel van Moses te sit.

4. Wat sê die Here is 'n goeie dominee?

'n Goeie dominee is volgens die Here 'n dienaar! Dienaar beteken nie 'n gediensige allemansvriend nie. Dit beteken om 'n dienaar van die Here Jesus Christus te wees, in teenstelling om soos die Joodse geestelikes 'n verteenwoordiger van die Christus te wees.

Dominees is Jesus Christus se dienaars wanneer hulle hom verkondig as die Here wat aan die regterhand van die Vader sit in vir sondaar met sy lyding en lewe instaan. Sulke dominees het geen wettiese geestelike magte nie. Hulle is net getuies van wie en wat Christus aan die regterhand van die Vader is en verteenwoordig niks van Christus nie en deel niks van Christus mee nie.

Wat sê Paulus is 'n goeie dominee?

Paulus beskryf goeie dominees as hulle wie saam met die lidmate in Christus swak is en saam met lidmate leef uit die krag van God. U mag dit nie misties of moralisties verstaan asof wanneer jy jouself geestelik self verkleineer sal jy deel van God se goddelik mag word nie. Dit is soos mense dink wat op Moses se stoel sit.

Saam swak beteken dominees en lidmate is ewe sondig, onheilig, onregverdig, liefdeloos, en ewe vol sondige begeertes, sonde smet en sonde skandes. So ken ons as dominees en lidmate ons swakheid in sy lyding, kruisiging en sterwe vir ons elkeen.

Saam uit die krag van God leef beteken dominees en lidmate leef elkeen vir God reg, heilig, goed, onberispelik. foutloos en volmaak omdat dit is hoe Christus met sy lewe ons as dominees en lidmate lewe vir God laat wees!

Christus maak en gee vir ons goeie dominees

In en sonde en lewe is daar geen verskil tussen dominees en lidmate nie. Die verskil is dat dominees geroep en bevestig word om die evangelie van Jesus Christus te preek en met die doop en nagmaal te verseël.

'n Goeie dominee is 'n dominee wat saam met lidmate swak in Christus is en uit die krag van Christus vir God leef, en aan die gemeente hierdie evangelie wat hul deel bedien met Woord en teken – in dienaar van Jesus Christus.

5. Hoe kan lidmate slegte en goeie dominees van mekaar onderskei en nie slegte dominees maar gedwee verdra soos die lidmate in die gemeente Korinte nie?

Hulle kan dit doen deur dominees wat Jesus as geestelike leiers, vaders en leraars te wil verteenwoordig te kan onderskei van dominees wat net Jesus se getuies wil wees, net die evangelie wil preek en die doop en nagmaal wil bedien! Deur dominees wat vir lidmate soos Jesus wil wees te kan onderskei van dominees wat aan lidmate net van die Here Jesus Christus te wil getuig!

Ons verteenwoordig Jesus vir julle deur vir julle Jesus se geestelike leiers te wees! Dit is wie rabbi's is! Paulus wys aan die Korintiërs dat hy homself ook as hul geestelike leier kan voorhou deur vir hulle te wys wat hy al alles vir Jesus onderneem het en waarvoor Hy vir Jesus gely het, as geestelike leier!

U kan gerus weer sy vertelling in hoofstuk 11 gaan lees: hy het vir Jesus hard gewerk, tronk toe gegaan, doodgevare gely, is as misdadiger en sonbaar gestraf deur die Joodse Rade en Romeinse owerheid, moes honger ly, dors ly en nakend wees. En hieroor verklaar Paulus dat dit vir 'n dominee dwaas is om homself só te sien en aan lidmate só voor te hou.

Niks wat Paulus in inisiatief geneem het of in wat hy in sy werk onderneem het nie, het volgens homself hom 'n geestelike leier van die kerk gemaak nie. Hy verwerp hierdie beskouing oor hom met minagting!

Wie hy is, het hy al in die eerste vers van die brief aangekondig volgens sy selfbekendstelling in elke brief, 'n apostel van Christus volgens God se wil vir die heiliges, die lidmate van die gemeente. Geen geestelike leier nie, maar 'n dienaar wat die evangelie verkondig!

6. Erick, in die NG Kerk is daar al baie slegte dominees wat hulle self sien en bekendstel as die leiers van die kerk!

Hulle het al vir hulle self 'n benaming daarvoor waarmee hulle nes in Korinte hulself bekendstel: bemagtigde leiers en bemagtigde leierskap! Hulle voel hul bemagtig om Jesus vir lidmate te verteenwoordig in hulle besluite, ondernemings en inisiatiewe.

Christus maak en gee vir ons goeie dominees

Daarom glo hulle dat hulle missies en visies vir die kerk, is God se missies en visies vir die kerk.

Wanneer jy jouself so gaan sien en so dominee vir hierdie gemeente gaan wees, gaan jy vir hulle 'n slagte dominee wees. Want as jou planne, inisiatiewe, ondernemings, visies en missies, God s'n is en jy God met joune verteenwoordig, hoe moet lidmate voel oor hulle planne, hulle inisiatiewe, ondernemings missies en vissies vir hulle gemeente?

Dan moet hulle elke keer vir joune terugstaan omdat jy die geestelike leier is wat Christus verteenwoordig, en hulle s'n is somer maar net hulle s'n. Kan u Paulus hoor: "Want julle verdra dit as iemand van julle slawe maak, as iemand julle uitsuig, as iemand julle misbruik, as iemand hooghartig optree en julle in die gesig slaan."?

Wees vir hulle 'n goeie dominee! Verkondig vir hulle die evangelie van Jesus se lyding en opstanding en verseël dit met die doop en nagmaal! Dan sal julle saam swak wees en saam in die krag om God se vrye kinders te wees, saam kan beplan, inisiatief neem en ondernemings aangaan om die gemeente in stand te hou en lidmate te bedien.

U as lidmate mag nie van Erick 'n slegte dominee maak en van hom verwag om u geestelike leier te wees nie. Net Jesus Christus lei u deur sy Gees as Here aan die regterhand van die Vader. Moenie van hom 'n slegte dominee maak en u gedienstig hou teenoor hom omdat u nie self verantwoordelikheid vir die gemeente se bestuur wil neem saam met hom as leraar nie.

Erken hom as verkondiger van die evangelie, en moet hom nooit as geestelike leier vereer nie! Daarmee verloën u hom as dienaar en die Here self wat U enigste Leier is.

7. U mag van Erick nie 'n geestelike vaderfiguur maak wie God vir u teenwoordig maak nie!

Christus verklaar kategories in Matteus: ons, dominees en lidmate het almal net een teenwoordige en liefdevolle Vader! Ons het almal saam een Vader, die Vader van Jesus Christus sy eniggebore Seun, wie self sy Vader ons teenwoordige en liefdevolle Vader maak deur sy lyding en opstanding.

Paulus wys dat slegte dominees op 'n spesiale manier vir lidmate God wil verteenwoordig: hulle is mense wat met God spesiale innige vertroulikhede beleef wat ander mense nie soos hulle beleef nie. In hoofstuk 12 se eerste verse stel hy dat hy ook kan praat van gesigte en openbarings van die Here soos die slegte apostels. Wat verskil tussen sy gesigte en openbarings en die van die slegte apostels is dat hy om daaroor te praat, roem noem.

Roem beteken volgens sy eie beskrywing as presies die teenoorgestelde as om vir Christus oor sy lyding en opstanding te getuig. Paulus het nooit een keer oor die Here se verskyning aan hom op die Damaskuspad gepraat asof dit 'n getuigenis sou wees wat ander moes oortuig om net sulke ervarings met God te hê soos wat hy gehad het nie. Hy hou dit nie voor as innigheid met God wat hom nader aan God stel as ander gelowiges nie. Die enigste verwysing wat Paulus en Lukas hieroor gee is dat dit sy roeping tot apostel was.

Paulus maak hom nie 'n vaderfiguur wie so innig met God in sy kamstige godservarings is dat ander God in sy godservarings moet beleef nie. Saam swak en saam sterk in Christus kondig hy in 13: 13 aan dat hulle saam deel in die teenwoordige genade van die Here Jesus Christus, die liefde van God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees.

8. Erick, lidmate mag jou nie vereer met die geestelike bewondering van 'n vaderfiguur in wie hulle God se liefde, nabyheid, barmhartigheid, genade en goedheid ervaar nie.

Jy mag nie jouself so aan hulle voorhou of só vir hulle bid nie. Wanneer jy jouself so sou voorhou met die sagste gebede en innigste meelewendste deernis, sal dit niks anders wees nie as wat Paulus noem as om hulle slawe maak, en jouself iemand te maak wat hulle uitsuig, misbruik, teenoor hulle hooghartig optree en hulle in die gesig slaan.

Want in hulle verering van jou innighede met God wat God vir hulle naby moet maak, vervreem jy hulle van die Vader van Christus wat hulle deur sy lyding en opstanding, en nie deur jou innighede nie, insluit en laat deel in sy liefde, goedheid, genade en barmhartigheid.

U as lidmate mag nie van Erick 'n slegte dominee maak nie. Hy moet God nie vir u teenwoordig maak nie. Hy moet as dominee met u saam wees en saam leef op so wyse dat u saam swak is in Christus en saam sterk is vir God in Christus. Gee hom die vryheid om net homself vir u te wees en wees u self met hom. Dan sal hom as mens kan aanvaar vir wie hy is en respekteer as bedienaar van die evangelie.

Moenie met hom of met mekaar hierdie sieklike godde-spel speel dat u al u persoonlike geheimenisse en diepste vertroulikhede met mekaar moet deel om int mekaar godservarings van kinder- en vaderfigure te beleef nie. Dit sal u vir mekaar skaam maak en van mekaar vervreem.

9. U mag ook nie van Erick of hy vir u van homself 'n leraar van God se wet maak nie! Dit is hoe 'n mens op die stoel van Moses sit om Jesus te verteenwoordig.

Christus maak en gee vir ons goeie dominees

Christus is nie 'n leermeester van die wet soos net nog ander wettiese leermeesters nie.

Paulus wys dat hy ook homself kan voorhou as 'n wettiese leermeester. Hy sê hy is 'n egte Hebreër. In vandag se taal, 'n baie vroom, opregte en toegewyde mens volgens God se wet. Hy is 'n Israeliet, deel van die volk van God, en nakomeling van Abraham, deel van God se verbondsbeloftes. In Filippense 3 stel hy dat hy in sy wetsonderhouding om vir God reg te wees, onberispelik was. Hy was met al hierdie kwalifikasies, 'n leermeester van die wet, 'n Fariseër En dan verklaar hy dat hy dit alles minag en verwerp om ingesluit in Christus te wees, saam swak met die lidmate en saam sterk in die krag van die evangelie.

Paulus stel in Titus 2: 11 en 12 dat dit Christus se reddende genade deur sy lyding en opstanding is wat ons opvoed om ons goddeloosheid te los en vir God te leef, nie die wet van God nie.

Christus het nie gekom om ons te leer wat volgens die wet reg en verkeerd is nie. Elke mens in die ganse skepping weet wat reg en verkeerd is. Hy het gekom ons ons te leer dat ons nie geoordeel, vervloek, gestraf of verwerp word vir ons sondes nie en dat Hy ons halfhartige, gebroke en misvormde gehoorsaamheid aan God, deur sy lewe in ons plek vir God heilig en volmaak laat wees.

Dit bely hy dan in die woorde ons is saam swak in Christus en leef saam uit die krag van God se genade vir God!

10. Slegte dominees wil vandag in die NG Kerk leraars van die wet wees deur te maak asof hulle soos Jesus leef en ander Jesus in hulle lewe moet raaksien! Kom ons hoor weer Paulus se woorde! Wanneer jy jouself so sou voorhou met die mooiste lewenshouding en opregste vroomheid sal dit niks anders wees nie as om van lidmate slawe te maak, en jouself iemand te maak wat hulle uitsuig, misbruik, teenoor hulle hooghartig optree en hulle in die gesig slaan.

Wat sal hulle moet doen wanneer jy hulle oortuig jy leef soos Jesus en hulle moet Jesus in jou lewe raaksien? Jy sal hulle slawe van die wet van God maak. Want vir die res van hulle lewe al hulle só bekeerd, só vroom, só toegewy en só voorbeeldig soos jy moet leef om soos Jesus te wees, en dit nooit regkry nie. Jy sal hulle só verslaaf aan 'n lewenslange wroeging waaruit hulle nooit weer sal kom nie.

En wanneer jy hulle aanhou laat glo dat jy regtig so vroom en gehoorsaam is as wat jy jouself aan hulle uitgee, sal jy hulle met skolingskursusse, retraites, dissipelskap oefeninge, herlewings, oplewings en vernuwings kan uitsuig en misbruik.

Só sal jou poging om Jesus vir hulle uit te beeld in jou lewe, elke keer vir hulle 'n hou in die gesig wees dat hulle net nooit vir God goed en reg genoeg soos jy is nie en

Christus maak en gee vir ons goeie dominees

kan wees nie. Jy sal die hooghartigheid teenoor hulle moet handhaaf dat in jou en nie in hulle nie Jesus sigbaar is.

11. Moenie vir hulle 'n leraar wees van God se wet deur Jesus uit te beeld nie.

Verkondig aan hulle die evangelie waarin julle saam swak is as sondaars en saamster is in julle diens aan God in Christus wat julle ten spyte van al julle geestelike gebreke vir God reg, goed, heilig en volmaak laat wees.

Wanneer jy die evangelie verkondig sal die Here hulle deur sy genade opvoed om hulle sondige lewe te los en vir God te leef uit die geloof dat hulle vir God reg en goed is.

Nou wil ek graag aan u my persoonlike mening gee wat beteken dit is nie meer Skrifuitleg nie en ons mag met mekaar verskil en menings uitruil oor dit wat ons hier in God se Woord gehoor het. Soos Paulus sê: wat ek nou sê kom nie van die Here nie.”

Ek dink u het 'n goeie dominee gekry! Erick het so voor Covid by ons gepreek uit Filippense. Hy het die evangelie gepreek en in sy Skrifuitleg kon 'n mens sien hoeveel erns hy met God se Woord gemaak het. Ook hoe hy deur al die slaggate van 'n valse evangelie die gemeente met die genade en liefde van God in Christus vertroos het.

Hy het die evangelie verkondig sonder om te probeer om 'n bemagtigde leier, 'n vaderfiguur of 'n leraar van die wet te wees. Erick het nie probeer om op Moses se stoel te sit nie maar die Here aan die regterhand van die Vader verkondig: saam swak in Christus, saam leef met God uit die krag van die evangelie!

12. Wanneer u as gemeente in u gemoed vra of hy 'n goeie of 'n slegte dominee is, doen dit soos Christus vir ons gewys het hoe ons dit moet doen.

Moenie hom beoordeel aan u voor en afkeure, u eie geestelikheid nie. Beoordeel hom volgens die woorde van die Here: Erick wil nie ons leier, ons vader of ons morele teregwyser wees nie. Hy wil dienaar van Christus wees en Hom verkondig as ons enigste leier, die Enige Seun wie sy Vader ons Vader laat wees en ons enigste Leraar in God se genade. Dan sal u hom as mens kan erken, aanvaar en weer dertig jaar lank met hom kan saamleef soos wat u dit met ds. Bertus Badenhorst gedoen het.

Ons wil jou ook as kollegas só in ons kring verwelkom Erick. Hier is nie gewone dominees en bemagtigde leiers nie, nie gewone dominees en vaderfigure nie, nie dominees wat Jesus uitbeeld en ander wat die Here verkondig nie. Hier is nie superdominees nie, net gewone dienaars van die Here. Wees een van ons, almal saam

Christus maak en gee vir ons goeie dominees

swak in Christus, almal saam in die lewe van Christus, almal saam dienaars van die Here Jesus Christus. Kom verkondig die evangelie saam met ons en bedien die doop en nagmaal saam met ons!

Ons is dankbaar om jou as dienaar van die Here Jesus Christus in die gemeente, die Ring en ons midde te ontvang.